CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL. 2 Somer 2011

Gemeente maak Pedi-Bybel moontlik

Net meer as 'n jaar gelede het 'n groot droom waar geword toe *God se Kinders - Verhale uit die Bybel* gelyktydig in ses tale in Suid-Afrika verskyn het. (Dit het wêreldwyd onder meer reeds in Amerikaanse Engels, Spaans, Britse Engels, Italiaans, Deens, Hollands, Noorweegs, Duits, Sjinees en Malayalam verskyn.)

Die gedugte span wat die sePedi weergawe van die Kinderbybel help realiseer het. Pastoor Jerry Adams, ds Wollie Wolhuter, mnr Levy Makau wat die tikwerk onderneem het, mnr Frans Herselman wat met die skakeling gehelp het.

Dit was natuurlik ook met die bekendstelling van hierdie Bybel wat CLF se projek - *Een miljoen Bybels vir een miljoen kinders* gebore is. En sedertdien word *God se kinders* asook *Kom stap saam* gebruik om hierdie reusemikpunt van een miljoen te bereik.



'n Skrale twee weke na die bekendstelling laat weet ds Charl Bredell van NGK Waterberg: *"Baie dankie vir hierdie fantastiese projek met die Kinderbybel. Ons beplan ons eie projek "Waterberg 1000 Bybels vir kinders". Hoe ver is die Sepedi/Noord-Sotho vertaling en wanneer sal dit beskikbaar wees? Ons het dringend Sepedi hier by ons nodig!"*

En so is die bal aan die rol gesit. Op CLF se antwoord dat daar nie tans befondsing vir die sePedi vertaling beskikbaar is nie, het ds Charl self ingespring en dié vertaling 'n projek van NGK Waterberg gemaak.

Intussen is ds Charl beroep na Premiermyn Gemeente in Cullinan. *"Ek vra my kollegas mooi dat hulle end-uit sal help met die Pedi-vertaling."*

En minder as 'n jaar nadat ds Charl sy eerste e-pos aan CLF gestuur het, is hierdie droom bewaarheid. Die sePedi weergawe van *God se kinders* is na die drukkers gestuur op Maandag 29 Augustus en het hierdie 'n pragtige verhaal geword van hoe 'n gemeente kan saamstaan en hulp verleen om Jesus se liefde aan kinders te verkondig - in hul eie taal.

Ds Wollie Wolhuter het die projek oorgeneem en met die hulp van oom Frans Herselman, mnr Levy Makau en ds Jerry Adams, baie geduld, baie heen-en-weer ryery vir die nasien en groot geloof, het die vertaling die lig gesien.

E-POS of SLAKPOS?

Wil u eerder CLF se nuusbrief per e-pos ontvang? Stuur dan aan ons 'n e-pos by info@clf.co.za met die onderwerpreël:
***Nuusbrief per e-pos* en ons sal dit voortaan aan u per e-pos stuur. Maak egter seker om gereeld in u gemorsposlêer te loer sodat dié e-pos nie per ongeluk daar beland en u so die jongste nuus en inligting van CLF dalk nie ontvang nie.**

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

23 305 Bibles already in childrens' hands

To each and everyone of you - our loyal supporters also supporting our project - *One million Bibles for one million children*, a huge thank you from the bottoms of our hearts for your support. You are part of our dream to give the message of Gods' love to one million children and we are already 23 305 children closer to our 1 000 000 aim.

There is a fallow land out there waiting to be ministered to. Children who as a result of poverty or what ever reason do not have a Bible of their own or a Bible written on their level of understanding. And therefore the two books that are currently used in this project are ideal. *Children of God - Storybook Bible* is written beautifully for children ages 4 - 10. And *Come walk with me*, the popular children's Bible storybook has been used in homes since the early seventies to teach children young and old about the love of Jesus. This book was rewritten three years ago and also boasts new illustrations. It is ideal for children aged 7 – 14.

Maybe you know of a child in your family or near to you who does not have his or her own Bible. Consider giving the message of Jesus to a child. And remember for R100 you receive two Bibles so you can bless more than one child with a Bible. Should you wish to entrust the second Bible to CLF to give to a child you can do so.

If you would like to nominate a school or crèche to receive Bibles through this project please send CLF the name of the organization, contact person, contact number and CLF will do the rest when funds become available.

Give a child a Bible this Christmas and open their world to the Word of God so they too can learn about the undying love of Jesus and what He has done for us.



ENIGE VERANDERINGE? **Indien enige van u besonderhede onlangs verander het, stuur dit asb aan CLF deur sodat ons die nodige veranderinge op ons adreslys kan aanbring. Stuur 'n epos aan info@clf.co.za met u huidige en vorige adres om te verseker dat ons wel die jongste inligting het.**

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

CLF meets old and new friends

It is one thing to have a dream, but to get the news 'out there' is a whole new ball game!

Therefore CLF decided to host two events to make new friends and to tell them in this way about the wonderful project of giving one million Bibles to one million children.

And what nine ladies and one gentleman thought was impossible, seeing that none of them or their spouses play golf, was proved wrong when a successful event was held at the Kuils River Golf Club on Friday, 22 July.

It was a wonderful day where sportmanship for Christ had a strong presence.

On 13 August the very first CLF Ladies morning was held outside Paarl. It was a lovely day with beautifully dressed ladies, wonderful presents, delectable food and gift bags with lots of nice goodies inside! Pieter van Jaarsveld inspired the ladies with emotional intelligence, Yolande Coutts decorated houses with spiritual intent and Burger le Roux showed off his musical talent.

And so CLF made new friends who not only enjoyed the events with us tremendously but also learnt about our life-changing literature available free of charge and the *One million Bibles for one million children-project.*

Bibles raised during the Golf day were given to the Miriam House of Safety in Paarl and the more than 500 Bibles raised at the Ladies morning were given to the SOS Children's Villages organisation.

Watch this space for next years' events or send your name to info@clf.co.za with the subject line: CLF Events to be put on the events mailing list.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Finansiële terugvoering: Maart 2010 - Februarie 2011



Gedurende die finansiële jaar is daar ietwat minder pamflette as die vorige jaar gedruk agv die geweldige styging in druk en verspreidingskoste. Daar is bykans een miljoen pamflette van sowat 76 verskillende soorte gedruk wat nuwe pamflette, vertalings en herdrukke insluit. Dit het byna gelykgebreek met die verspreiding van net oor die miljoen pamflette wat versprei is.
Volgens Chris de Jager van BGR Ouditeure wat CLF se jaarlikse finansiële oudit hanteer is die rekenkundige rekords in 'n baie netjiese toestand. "Die boekhouding is werklik 'n model om voor te hou aan ander soortgelyke

Nuwe publikasie vir geloofsvorming by kinders

***Ons begin*, die eerste boek in die *Vertel, vertel!*-reeks deur Susan Goosen het pas verskyn. Dit is geskryf met die oog op geloofsvorming by kinders van 7 tot 16 jaar. Vanuit 'n benadering waar daar sterk klem gelê word op die vertel en oorvertel van die Bybelse verhale, word die verhale skrifgetrou, maar ook boeiend vertel. 'n Helder prentjie van die gebeure word in die gedagtes van die luisteraars geteken (verbeeldingryke luister) en deur oorvertel vasgelê. Dit sluit nou aan by die "oral learning" beweging waarin die waarde en vreugde van die luister na verhale en die oorvertel daarvan wêreldwyd herontdek word. Dit is 'n opwindende, nuwe benadering en word sterk aanbeveel vir Sondagskool, jeugbediening en selfs die geloofsonderrig in gesinne. Selfs studente of volwasse groepe kan met groot vrug van die boek gebruik maak. Die boek kos R60.**

Jongste pamflette beskikbaar

Remember to like and follow our Facebook pages at CLF (Christian Literature Fund) and One million Bibles for one million children. Every now and again special offers are announced and free books offered!

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Op véle maniere bereik pamflette mense in Afrika

Beste Christelle

Na meer as 20 000 km en 50 lekker warm dae in Afrika wil ek vir julle vertel van ons ervarings met die pamfletverspreiding.

Aanvanklik was ons huiwerig en het nie geweet hoe en waar om verspreiding te doen nie. Ons het ons egter deur die Heilige Gees laat lei. En die Goeie Nuus van God se liefde is in Afrika ingedra.

Ons het die tweede aand in Francistown, Botswana oornag. Spontaan het ons met die twee nagwagte gesels en gevra of hulle God ken. Hulle reaksie was oorweldigend. Die een vertel toe dat hy 'n Sondagskoolonderwyser is en dat hy dit baie sal waardeer indien ons vir hom pamflette gee.

Dag 3 is ons by Kazungula in Zambië. By Livingston gooi ons brandstof in en 'n stom man kom met gebaretaal by die bakkie gesels. Hoe ek dit reggekry het om met hom oor Jesus te praat, weet ek nou nog nie, maar ek het. Die dankbaarheid toe ek hom pamflette gee, is op my geheuebank inge-ets. Daardie nag slaap ons by Mabula Game Reserve. 'n Bejaarde ou man, Amos, is die kampopsigter en na lekker gesels gee ons vir hom 'n paar pamflette. Dag 4 is ons steeds in Zambië. Die man wat vir ons hout aangedra en die vuur opgesteek het, vind ons toe later die aand, sit net buite die ligkring en verwonder hom oor ons. Ons nooi hom toe nader en begin met hom praat. Na brood en pamflette is hy daar weg en 'n halfuur later is hy terug met nog 'n man wat ook pamflette wil hê.

Toe is ons deur die Kaisut Woestyn in Kenia. Een lawa vlakte. Ons het nie geweet hoe ver ons die dag sou kon reis nie, want die pad is bekend as "The worst road in Africa". Ons beland toe by 'n piepklein dorpie, Turbi. Wat vind ons daar? 'n Vroue Lodge. Menige reisiger stop daar en die aand was ons ook nie al gaste nie. 'n Trokbestuurder oornag toe ook daar en soos dit gaan, word daar gegroet en 'n paar woorde gewissel. Die man is 'n diaken in hulle kerk en is baie opgewonde om pamflette te kon huis toe neem.

Oppad na Samburu stop ons eendag by 'n gehuggie van 'n winkeltjie om water te koop. Groot was ons verbasing toe 'n blanke man gesig wys - 'n priester. Hy was so dankbaar om hulpmiddels te kon ontvang vir sy groot taak.

In Etiopië is ons oorweldig deur die hoeveelheid Christene wat ons pad gekruis het. Daar was die grondeienaar op wie se grond ons een nag oornag het. Die nagwag by die German Hotel voor die dorpie Fiche. Daar was die keer toe ons by 'n afgetrede regter in Gonder beland het. Daar het ons 'n koffie seremonie met popcorn en die Woord geniet. Ons is na die Awash Waterval waar entrepreneurs 'n kampeerterein gemaak het. Die ape het ons byna gek gehad. Die uiteinde was dat die jongmanne die ape moes weghou, maar dit het toe 'n geleentheid geskep om Woordverkondiging te kon doen!

Daar was die keer toe ons oor die Bale Mountains, die hoogste bergpas in Afrika, wou ry. Maar ongelukkig was daar dié dag 'n wolkbreuk en die paaie na die pas was onbegaanbaar en brue weggespoel. Ons moes toe noodgedwonge omdraai. By die hotelletjie was daar weereens geleentheid om pamflette uit te te deel.

So het ons ook in Uganda geleentheid gehad vir verspreiding. Twee van ons groep kon ingedeel word om gorillas te kon gaan kyk. Ons was onbewus van die feit dat jy twee jaar vooruit moet bespreek. Met die gevolg dat ons twee nagte in Bwindi Nasionale Park gebly het en die res van ons kon ons tyd positief benut deur Woordverkondiging te doen. Daar was ook die keer toe ons nêrens vir middagete kon stop nie en omdat dit 'n Saterdag was, het ons toe op 'n skoolterrein in Burundi gestop. Dit was so gou soos blits of die onderwysers en leerlinge was toeskouers en ons het soos ruimtewesens gevoel. Maar nogtans kon ons pamflette aan die onderwysers gee om na oorleg te handel.

Na so 'n ongelooflike Sielservaring is dit moeilik om insidente uit te lig. Dat dit egter 'n ervaring in die Woord was, is vir seker. Baie dankie dat julle dit vir ons moontlik gemaak het om oor grense in Jesus naam kontak te kon maak.

Vriendelike groete;

Elsona Viljoen

Robertson

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Nduli herwinnings 'swop shop' bring ook Boodskap na kinders

NGK Ceres laat weet dat hulle onlangs Xhosa Bybels aan die Nduli Swop Shop-projek in Hermanus geskenk het.

Die 'swop shop' werk op die beginsel dat kinders rommel gedurende die week versamel en dan op die dag wat die winkel oop is, hul rommel laat inweeg. Vir elke kg rommel wat ingebring word, kry die kinders punte wat dan by die winkel gebruik kan word om items te 'koop'. So was daar 'n seun wat 60kg glas ingebring het om 'n skoolhemp vir sy sussie te koop wie se hemp by haar skool gesteel is.

Daar is ook van die *God se Kinders* Kinderbybels (in Xhosa) te ruil. Vir een Bybel moet 'n kind ten minste 10kg glas inlewer! Die Bybels is 'n skenking van die Getuienis Kommissie van die NG Kerk CERES. (Moedergemeente). Lucia Bakkes laat weet dat daar blykbaar van die kinders is wat vra dat hulle naam tog solank op 'n Bybel gesit word, totdat hulle genoeg punte met hul rommel verdien het om die Bybel in ontvangs te kan neem.

Wat ook wonderlik is om te ervaar, is dat daar nou soveel ouers belangstel in die projek en hul help tot van die kleinste kindertjies tot by die "winkel"- waar net die kind self mag koop. Daar heers waarlik 'n heerlike opgewonde gees! Dit, ten spyte daarvan dat kommunikasie - vanweë die taal, baie moeilik is.

Wat 'n wonderlike inisiatief om ook die kinders te laat besef dat daar waarde daarin is om vir iets te 'werk' en nie alles gratis te ontvang nie.

Mag hierdie projek en NGK Ceres van krag tot krag in die Vader se genade groei.

Uit ons possak:

Ek wil regtig baie dankie sê vir die diens wat julle lewer en die verandering wat julle help plaasvind in mense se lewens, julle help om ons werk baie ligter te maak. **CS**

Baie dankie vir die gedagte en mooi gebaar om ons wees, verlate en mishandelde kinders van die SOS Kinderdorpe deel te maak van die verspreiding van die Woord. Wees verseker dat die Bybels 'n kleinnood is wat vir hulle deur die jare nie net sal herriner aan die Meester se liefde nie maar ook rigting en troos in hul lewe sal bring. **Cynthia Slingers**

Baie baie dankie vir die lektuur wat CLF kan gegee het. Julle het my oë oopgemaak van hoe noodsaaklik

dit is, en het ek waargeneem die honger van die mense vir leestof oor ons Saligmaker. NF

Ek het vandag die pamflette gekry. BAIE DANKIE dis regtig baie mooi, kleurvol en ek glo dit het goeie inhoud. Ek is so bly ons kan by julle geholpe raak, dit vervul in 'n groot behoefte en is vir my 'n verligting dat die verspreiding werklik kwaliteit is. Seën en liefde vir julle daar by CLF. **MB**

Ek het nadat ons so lekker gesels het onmiddelik op die web gaan kyk na al jul produkte en ek moet sê ek was aangenaam verras. Ek kan sien die onderwerpe van die pamflette is goed deurdink en dek regtig 'n wye spektrum van emosionele behoeftes wat mense in die algemeen ervaar. Ek was glad nie bewus van julle organisasie nie, en moet erken dit is fantasties om te weet daar is 'n plek waar mense nie net die Woord/Waarheid kan ontvang deur 'n pamflet nie, maar ook waardeur jy bemoediging, lering, inligting alles in een kan kry. Dit moet seker baie lekker wees om deel te wees van iets so groot wat 'n verskil in so baie mense se lewens kan maak, op 'n daaglikse basis. **LS**